# BOEKBESPREKINGE

Die Bekenntnisschriften der evangelisch-lutheischen Kirche, Göttingen, Vandenhoek & Ruprecht, 1952.

Dit is 'n lywige uitgawe hierdie, en beslaan 1225 dig aanmekaar gedrukte bladsye. Dit kan vergelyk word met die uitgawe van die Nederlandsche Belijdenis Geschriften deur ds. J. N. Bakhuizen van den Brink in 1940. Ons het hierin 'n uitgebreide tekskritiese uitgawe van die Lutherse Belydenisskrifte. Dit is onmisbaar vir iedereen wat hom met dogmatiese studie in die algemeen besig hou, en met die Lutheranisme in die besonder. Aan elke belydenisskrif gaan 'n historiese oorsig van die ontstaan daarvan vooraf, en hieronder vind ons die drie Ekumeniese Simbole, die Augsburgse Konferensie, die Apologie van die konfessie, die Smalkaldiese artikels, oor die mag en primaat van die

Pous, die Klein en die Groot Kategismus, die Formula Concordiae met die Solida Declaratio.

Met hierdie lywige boek lê die Lutherse dogmatiek voor ons. Mag hierdie werk in Suid Afrika ingang vind en die kennis van die Reformatoriese teologie daarmee uitgebrei word.

S. P. E.